Jesus ken my naam

# Naamloos, maar nie nutteloos nie

## Bybelteks

*Naäman, die bevelvoerder van die koning van Aram se leër, ... het 'n velsiekte gehad. Die Arameërs het in roofbendes uitgetrek en 'n klein dogtertjie uit die land Israel weggevoer. Sy was in diens van Naäman se vrou. Sy het vir haar eienares gesê: "As my heer maar net voor die profeet kon verskyn wat in Samaria is, dan sou hy hom van sy velsiekte verlos." Naäman het toe met sy perde en strydwa gekom en voor die ingang na Elisa se huis stilgehou. Elisa het 'n boodskapper na hom gestuur met die woorde: "Gaan was jou sewe keer in die Jordaan, sodat jou liggaam kan herstel, en word so rein." [Naäman] het toe afgegaan en sy liggaam sewe keer in die Jordaan gedompel, volgens die woord van die man van God. Sy liggaam het herstel en ... hy was rein.*

**– 2 Konings 5:1-3, 9-10, 14**

## Kernwaarheid

**Vir God gaan dit nie oor wie die belangrikste, beste of slimste is nie, maar oor wie aan Hom gehoorsaam is. Hy kan jou gebruik, al voel jy onbelangrik.**

**WELKOM**

- Was jy al siek? Wat was fout?
- Wie het jou gehelp om gesond te word?

**WONDER**

- Wie het vir Naäman van die profeet Elisa vertel?
- In watter rivier moes Naäman hom gaan was?
- Hoeveel keer moes hy hom was?
- Wat het met Naäman gebeur toe hy gedoen het wat Elisa gesê het?
- Was daar al 'n keer wat jy gevoel het jy kan iemand help, maar toe te skaam of te bang was om dit te doen?

**WEES**

Kyk na die glasie wat jy gemaak het en onthou dat God vir Naäman gesond gemaak het.

**WEGSTUUR**

Gebruik jou glasie om die storie van Naäman vir jou huismense te vertel.

Kyk vanaand in die spieël en sê hardop: "Al is ek jonk, kan ek mense help."

# Kleur hierdie prentjie in.

